

My insigte van die 2025 Berkshire Hathaway Aandeelhoudersvergadering

Om die jaarlikse Berkshire Hathaway aandeelhoudersvergadering in Omaha te kon bywoon was, soos altyd, 'n inspirerende ervaring. Hierdie jaar het die vergadering tydlose beginsels en strategiese insig opnuut bevestig. Om voor die handliggende redes mag dit oorbodig klink, maar dit is 'n persoonlike oefening wat ek hoop jy sal geniet. Hieronder probeer ek kern gedagtes opsom uit die vrae en gesprekke, met 'n fokus op dit wat vir my uitgestaan het. Ek het dit gepas gevind om van die kwinkslae en aanhalings in te sluit.

1. Rentmeesterskap (Fidusiêre plig en vertroue is onmisbaar)

As kern van die Berkshire filosofie, en blywende sukses, lê 'n onwrikbare verbintenis tot etiese gedrag en die vertroue wat dit kweek – die oorlede mnr Charlie Munger en sakevennoot van Warren Buffett, het dit dikwels die 'Berkshire-sisteem' genoem. Hierdie beginsels is nie bloot modewoorde of slagspreuke nie, maar fundamenteel tot langtermyn welvaartkepping.

- **Integriteit en vertroue is ononderhandelbaar:** Buffett se konsekwente klem op die karakter van diegene met wie jy besigheid doen, is treffend. Hy het beklemtoon:

"You can't do a good deal with a bad person"

"The great pleasure is having people who trust you"

Dit wys op die kritieke belangrikheid van integriteit en die betroubaarheid van mense in jou dampkring. Dit spreek tot die kwalitatiewe, menslike element binne die beleggings-wêreld wat dikwels te min aandag kry, maar wat van kardinale belang is vir langtermyn vennootskappe. Dit kring ook uit na buite en hoe individue hulleself gedra en as voorbeelde vir ander dien en nie noodwendig probeer voordeel trek uit voorregte of hul posisie nie. Dit is 'n waarde-sisteem wat mnr Buffett se voortgesette toewyding op 94-jarige ouderdom dryf.

- **Fidusiêre plig en rentmeesterskap:** Hierdie konsepte is sentraal tot Berkshire se benadering, wat 'n diep verbintenis beteken om in die beste belang van aandeelhouers en belanghebbendes op te tree. Hierdie verantwoordelikheid strek verder as blote finansiële prestasie om langtermyn volhoubaarheid sowel as verantwoordelike bestuur in te sluit.
- **"Capitalism = Casino + Cathedral":** Hierdie kragtige analogie omvat 'n genuanseerde siening van kapitalisme. Terwyl dit 'n *casino* aspek rondom die spekulatiewe aard van finansiële markte erken, beklemtoon die prentjie van 'n *katedraal* die etiese produksie van iets met morele orde. Hierdie insig moedig ons almal aan om blywende organisasies te identifiseer wat ook positief tot ons samelewing bydra.
- **Die krag van assosiasie:** Buffett het herhaaldelik die belangrikheid beklemtoon van met wie jy jouself assosieer, aangesien hulle jou denke en gewoontes sal vorm.

"The chains of a habit are too light to be felt until they are too heavy to be broken".

Sy wenk is eenvoudig maar nie altyd maklik nie: om mense te soek wat beter as jy is en die invloed van swak mense en slegte organisasies te vermy. Dit onderstreep die impak van omgewing op jou professionele en persoonlike trajek.

2. Geduld met Doelgerigtheid (Soms moet jy vinnig optree)

Buffett se loopbaan is 'n meesterklas in die krag van langtermyn geduld, gekoppel aan die ratsheid om beslissend op te tree wanneer werklik uitsonderlike geleenthede ontstaan.

- **Geduldige Kapitaaltoekenning:** Berkshire Hathaway se rekord \$348 miljard kontantvoorraad is 'n getuigenis van hierdie geduld. Dit is nie noodwendig stagnante kapitaal nie; dit is 'n strategiese reserwe. Buffett het dié opmerking gehad oor uitsonderlike geleenthede:

"They are unlikely to happen tomorrow and not unlikely to happen in five years"

Hierdie geduld maak beslissende aksie moontlik wanneer die regte geleenthede hulle voor doen, eerder as om gedwing te voel om kontant te belê. Hy beklemtoon verder dat hulle [Berkshire] al in die verlede enorme opbrengste vir aandeelhouers

gerealiseer het deur doodeenvoudig groot hoeveelhede kontant, wat onmiddellik beskikbaar was, doeltreffend en vinnig aan te wend.

- **Tydige Aksie:** Buffett se onlangse skynbaar vreesagtige houding was duidelik uit Berkshire se aansienlike kontant voorraad. Dit demonstreer sy nakoming van 'n beginsel:

"Be fearful when others are greedy, and greedy when others are fearful."

Dit vereis nie net geduld om te wag nie, maar gereedheid; d.w.s. om op te tree wanneer marksentiment verander, of in staat te wees om te herken wanneer 'n daadwerklike geleentheid ontstaan.

"Rather almost right, than precisely wrong".

- **Langtermyn Ekonomiese Vooruitsigte:** 'n Sleutelvraag vir enige potensiële belegging bly as volg: Wat is die ekonomiese vooruitsigte vir 'n maatskappy oor 10 jaar of meer van nou af? Hierdie langtermyn benadering is fundamenteel tot geduld en beslissende aksie. Dit verseker die toekenning van kapitaal aan bewese ondernemings met 'n langtermyn vooruitsig.

3. Die Belangrike Rol van Temperament (Om rasioneel te bly)

Buffett wys konsekwent daarop, dat temperament net so belangrik is as intellek, veral tydens onstuimige tye.

- **Noodsaaklik te midde van Markskommeling:** Temperament is:

"Absolutely vital during market volatility."

Buffett se vermoë om kalm en rasioneel te bly, selfs wanneer ander paniekerig is of eufories raak, stel hom in staat om gesonde en wel deurdagte besluite te neem.

- **Rasionele Gedrag:** Hierdie kombinasie is wat werklik suksesvolle langtermyn beleggers onderskei van diegene wat deur opskrifte meegesleur word.

"When the proper temperament joins up with the proper intellectual framework, then you get rational behaviour."

4. Aanpasbaarheid & Nuuskierigheid (As die feite verander, moet jy jou mening kan verander)

Terwyl hy gewortel is in sy kernbeginsels, toon Warren Buffett 'n merkwaardige bereidwilligheid om aan te pas wanneer nuwe feite na vore kom. Hy word gemotiveer deur 'n onversadigbare nuuskierigheid en optimisme.

- **Leer Voortdurend:** Hy het opgemerk:

"Keep your curiosity and read a lot."

Buffett moedig ons almal aan om ons nuuskierigheid te behou en voortdurend en wyd te lees. Dit is noodsaaklik wanneer omstandighede verander, of nuwe geleenthede hulleself voordoen om iets van waarde te kan identifiseer.

- **Die Impak van KI:** Terwyl hy die potensiaal van Kunsmatige Intelligensie (KI) as 'n "game-changer" erken, het Berkshire op 'n getemperde benadering gedui. Dit verg die behoefte aan sorgvuldige oorweging eerder as om nuwe tendense blindelings na te jaag. Buffett het beklemtoon dat KI nie die waarde van gesonde menslike oordeel kan uitstof nie.
- **Optimisme en Innovasie:** Ten spyte van kommer oor die Verenigde State se fiskale tekort, is daar 'n onderliggende optimisme oor Amerika se momentum en toekoms, met waardering vir sy historiese rol in die bevordering van innovasie. Die VSA het oor die algemeen die vryheid gebied wat mense nodig gehad het om te innoveer en te floreer – persoonlik en in besigheid.

5. Duursaamheid & Volhoubare Besighede (Verdienste vir 'n leeftyd)

Die fokus bly op besighede wat 'n volhoubare verdienste oor die langtermyn kan genereer.

"We don't go into companies with the thoughts of effecting a lot of change. That doesn't work any better in investments than it does in marriages."

- **Besighede wat Geen Addisionele Kapitaal Benodig nie:** Die ideale besighheidsmodel, volgens Buffett, is een wat min tot geen kapitaal benodig nie. Daar is 'n fokus op Return on Invested Capital (ROIC). Hierdie kapitaal-ligte, of minder kapitaal-intensiewe besighede besit inherent 'n sterk voordeel vir duursame winste wat weer herbelê kan word. Hy is op rekord dat hy gesê het:

"You should invest in a business that even a fool can run, because someday a fool will."

en oor rekeningkundige tegnieke en metodes:

"The reaction of weak management to weak operations is often weak accounting."

- **Langtermyn Beleggings:** Berkshire se voorneme om sy Japanse bates onbepaald te hou (potensieel 50 jaar, of vir altyd) illustreer verder hulle verbintenis tot duursame beleggings. Dit dui op die vertroue en sterk verhoudings binne die bestuur van hierdie Japanse maatskappye.
- **GEICO se Ommekeer:** Die verbeterde resultate van GEICO, een van die sleutel filiale, is toegelig. Dit toon die duursaamheid met sommige uitdagings wat dié sektor in die gesig staar.

6. Lewenskwaliteit en Welstand ('n Stresvrye lewe)

Buiten die finansiële barometers, het die vergadering en gesprekke die belangrikheid van balans en persoonlike welstand as 'n integrale deel van sukses beklemtoon.

- **Geniet wat jy Doen:** 'n Eenvoudige, maar uitdagende boodskap was:

"Enjoy what you do."

Buffett self, op 94, werk omdat hy dit geniet. Dit is regtig die waarom – waarom werk jy na 90 wanneer jy meer geld het as wat enigiemand kan tel? Hierdie konneksie tussen passie en lewensverwagting word onderstreep deur 'n waarneming dat gelukkige mense meestal langer bly lewe.

- **Vermý Giftige of Ongesonde Omstandighede:** Die raad is:

"Look out for the right environment."

Dit is noodsaaklik vir professionele sukses en persoonlike welstand. Dié wenk spreek tot 'n gemeenskap of 'ekosisteem' wat lewenskwaliteit ondersteun en bevorder.

- **Ontwikkel Vaardighede om die Beste uit Ander te Haal:** Dit is 'n deug wat mnr Buffett en Munger uitgeleef het. Dit stel 'n samewerkende en bemagtigende benadering tot leierskap daar, wat bydra tot minder spanning en 'n meer produktiewe omgewing.

7. 'n Wêreldwye Perspektief & Vrygewigheid

Ten spyte van die fokus op Berkshire en sy bedrywighede, was 'n breër perspektief op wêreld ekonomie, en 'n sin van gedeelde voorspoed, duidelik.


- **Internasionale Handel is nie 'n Wapen nie:** Daar was 'n sterk standpunt gemaak dat handel nie 'n wapen moet wees nie. Die oortuiging is gegrond in die feit dat hoe meer voorspoedig die res van die wêreld word, hoe meer voorspoedig kan ons almal word (en hoe veiliger moet ons almal voel). Dit weerspieël 'n optimistiese siening

van wêreldwye samewerking en wedersydse voordeel. Mnr Buffett het gewaarsku teen die gevare van 'n proteksionistiese beleid en tariewe, en dit 'n "act of war" genoem wat negatiewe gevolge wêreldwyd mag hê.

- **Geldeenheid Bewustheid:** Hoewel hulle nie oormatig besorg oor die Japanse Yen is nie, oorweeg Berkshire geldeenheid diversifikasie met 'n swakker USD (Amerikaanse Dollar). Berkshire vermy eksplisiet lande met die risiko van onbeheerste inflasie – 'n kenteken van ekonomiese stabiliteit binne enige land.
- **Oplossing van Maatskaplike Probleme:** Die idee om maatskaplike probleme op te los, soos raad van Benjamin Franklin se aspek t.o.v. kapitalisme met sy genadeloosheid, dui op 'n breër vrygewigheid en begeerte vir positiewe maatskaplike impak buite bloot wins. Wat kan jy teruggee?

Ter afsluiting was hierdie 'n omvattende meesterklas, nie alleen i.v.m. beleggings nie, maar 'n doelgerigte en impakvolle lewe. Integriteit, geduld en gesonde temperament is kwaliteite waarmee ons assosieer. Ons sal voortgaan om ons benadering te verfyn terwyl ons die toekoms navigeer. Ek is vol vertroue dat ons deur hierdie beginsels uit te leef, jou welvaart kan bou en bewaar.

Voel asseblief vry om my te kontak.



Willem J. Smit, CFP®